# TAAK EN DOELSTELLING VAN DIE HISTORIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Volgens sy grondwet, het die Historiese Genootskap van Suid-Afrika by stigting hom as taak en doel gestel die bevordering van die Historiese Wetenskap en veral van die Vaderlandse Geskiedenis. Ten einde hierdie ideaal te verwesenlik, is daar besluit om 'n historiese tydskrif uit te gee, publikasies van historiese aard te bevorder, historiese dokumente te versamel, historiese museums te ondersteun, die studie van Geskiedenis op skole, universiteite en opleidingskolleges aan te moedig en te bevorder. Na 'n bestaanstydperk van bykans agt jaar, kan miskien met reg die vraag gestel word in hoeverre die Genootskap uitvoering gegee het aan die selfopgelegde taak en in hoeverre al sy bedrywighede werklik die Geskiedeniswetenskap bevorder het. Soiets is natuurlik moeilik om te bepaal. Ons glo egter dat daar inderdaad 'n positiewe bydrae gelewer is. Maar terselfdertyd moet erken word dat miskien meer energie bestee is aan die organisatoriese werksaamhede wat so 'n genootskap nou eenmaal meebring, as aan die daadwerklike nastrewing van die groot doel.

In 'n toespraak wat prof. J. J. Mulder, Adjunk-direkteur van Onderwys vir Transvaal, tydens die jaarvergadering van die Transvaalse afdeling van die Historiese Genootskap op 20 September 1963 te Klerksdorp gehou het, het hy 'n aantal vrae tot die adres van die Historiese Genootskap gerig. Onder andere: bereik *Historia* en *Historia Junior* werklik die leserskring wat hulle moet bereik; word die uitgawe en bekendstelling van historiese lektuur wel voldoende deur die Genootskap gesteun; word die bevordering en uitbou van historiese museums werklik deur lede van die Genootskap nagestreef? En wat die bevordering van Geskiedenis op skool, kollege en universiteit betref, het hy die vraag gestel of daar werklik in geslaag word om die jeug vir ons geskiedenis te inspireer. „U kan baie beraadslaag en baie skemas organiseer, maar indien u nie die onderwyser met voldoende kennis en die regte gesindheid en 'n ware liefde vir die vak in die skole kan plaas nie, sal u pogings maar net lapwerk wees, en die kind van vandag, die jeugdige van more, en die ouer van oormore sal deur ander kragte meegesleur word omdat hulle nie uit die verlede 'n vaste staanplek vir hulleself kan verower nie", aldus prof. Mulder.

Verder het prof. Mulder in sy toespraak ook gewys op wat deur ander instansies en langs ander weë vir die Historiese Wetenskap gedoen word. Dit is o.a. die Historiese Monumente-kommissie, die Stigting Simon van der Stel, die Raad van Heraldiek, die publikasie van argiefstukke en die organisasie en instandhouding van oudheidkundige museums dwarsdeur die land. „Hierdie liggame", aldus prof. Mulder, „het reg op u samewerking en steun." Dié woorde bevat 'n vriendelike teregwysing dat die Genootskap bereid moet wees om na buite op te tree en sy samewerking te verleen aan alle instansies wat die bevordering van geskiedenis

nastreef. Dit lyk vir ons inderdaad belangrik dat die Genootskap daarteen moet waak dat hy nie vasgevang word in sy eie organisasie nie, maar dat hy bereid moet wees om almal te steun wat die groot gemeenskaplike doel nastreef, en dit sonder om enige eer vir homself op te eis.


Dat daar gelukkig wel sulke tekens van 'n optrede na buite is, het ons insiens aan die lig gekom tydens die jongste Jaarvergadering van die Federale Hoofbestuur van die Genootskap wat op 19 Oktober 1963 te Vereeniging gehou is. Genoemde vergadering is besonder goed bygewoon. Daar was afgevaardigdes van al vier die provinsies en van Suidwes-Afrika, by name: prof. D. J. Kotzé uit Kaapland, mnr. G. A. Chadwick uit Natal, dr. M. C. E. van Schoor uit die Oranje-Vrystaat en mnr. B. J. Grobbelaar uit Suidwes-Afrika, terwyl die voorsitter, dr. J. J. van Tonder, self namens Transvaal verslag gedoen het. Al hierdie persone het gewag gemaak van heelwat bedrywighede i.v.m. geskiedenis in hulle onderskeie gebiede. In Kaapland bestaan daar 'n Geskiedenisvereniging vir die Kaapstad/Stellenbosch-gebied, wat met die Historiese Genootskap geaffilieer is. Hierdie Vereniging is onlangs gereorganiseer en 'n kongres oor die posisie van Geskiedenis op die Kaapse skole word beoog. In Natal is drie vergaderings van die Natalse afdeling gehou; *Historia* en *Historia Junior* word in die Natalse skole gepropageer; 'n opname van ou kerkgeboue word gemaak; 'n aantal skoolmuseums is gestig en historiese uitstappies word aangemoedig. In Suidwes-Afrika word 'n konferensie van geskiedenis-onderwysers beplan, terwyl die bewaring van historiese geboue en plekke bepleit word. In die Oranje-Vrystaat is 'n *ad hoc*-komitee saamgestel om 'n wakende oog oor geskiedenis te hou; 'n kultuurhistoriese museum word opgerig, terwyl op laerskool geskiedenis as vak weer in ere herstel sal word met die afskaffing van Sosiale Studies vanaf volgende jaar. Wat Transvaal betref, het die voorsitter gewag gemaak van verskeie takke van die Genootskap wat gestig is en ook van die reeds genoemde jaarvergadering te Klerksdorp.

Dit is alles verblydende tekens. En tog is op beide jaarvergaderings kommer uitgespreek oor die stand van sake; kommer oor die onkunde en gebrek aan piëteit wat betref die dinge van die verlede, oor die oorwig van die natuurwetenskappe, oor die gees van vervlakking op kulturele gebied; kommer veral oor die posisie van Geskiedenis op skool en op ander onderwysinrigtings. Op albei vergaderings het dr. J. J. van Tonder die aandag gevestig op die afname van die persentasie leerlinge wat op hoërskool Geskiedenis as eksamensak kies. Volgens getalle wat hy aangehaal het, het die persentasie van 1953 tot 1962 soos volg gedaal: in Transvaal van 63.6 tot 54.9, in Kaapland van 66.1 tot 53.9 en in die Oranje-Vrystaat van 74.8 tot 56.5. Hy meen dat die tendens ook in ander onderwysinrigtings op te merk is en beveel aan dat Geskiedenis 'n verpligte vak vir die matrikulasie- en skooleindeksamen gemaak word. Die aangeleentheid is aan 'n komitee opgedra om, na bevind van sake, met die betrokke owerhede te onderhandel.

Nog verskeie ander sake is na bespreking aan subkomitees opgedra. Uitstallings van oudhede en die stigting van openbare sowel as skoolmuseums word as 'n belangrike middel gesien om die belangstelling in Geskiedenis te stimuleer. Dit dien ook die belangrike funksie dat waardevolle oudhede, wat oral in privaat besit is, daardeur van moontlike verwaarlosing en vernietiging gered kan word. In dié verband is ook besluit om by die Onderwysdepartemente daarop aan te dring dat spesiale geskiedenisklaskamers ingesluit word in die skoolbouprogram. Origens is die stigting van meer takke van die Genootskap ernstig bepleit. Ten slotte is besluit om in 1965, wanneer die Genootskap sy tienjarige bestaan sal herdenk, 'n kongres op landswye basis te organiseer met as tema:

*Geskiedenis en die stand van Geskiedenis-onderrig in Suid-Afrika.*

Bostaande is dan wat beskou kan word as die terrein waarop die taak van die Historiese Genootskap lê. Vir 'n oningeligte buitestaner is dit asof dit maar altyd weer gaan oor dieselfde dinge, asof daar geen vordering is nie. Die vordering lê egter op geestelike gebied waar dit moeilik waarneembaar is. Met die regte toewyding en volharding, glo ons, kan veel van blywende waarde bereik word.



*Die Federale Hoofbestuur en Lede van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika wat onlangs op Vereeniging vergader het. In die gewone volgorde verskyn op die foto: Agter: Mnre. G. Mollet, A. J. Botha, P. Venter en W. A. Stals. Middel: Mnre. R. Maree, A. Botha, J. H. Dippenaar, dr. T. A du Plessis, mnre. A. van Zyl en J. van Vuuren. Voor: Prof. F. J. du T. Spies, mnre. B. J. Grobbelaar, G. A. Chadwick, dr. J. J. van Tonder (voors.), prof. D. J. Kotzé, dr. T. S. van Rooyen en dr. M. C. E. van Schoor.*